

AANGAANDE JOU TOEKOMS

Die dokters, Patricia en David Mrazek, het baie hartseer in hulle werk teëgekóm. As pediatriese spesialiste het hulle baie te doen gehad met kinders wat lyding ondervind. Maar hulle is veral getref deur die feit dat sommige kinders maklik van hulle probleme herstel, terwyl ander daardeur verpletter word. Waarom? Waarom, byvoorbeeld, gaan een kind op dwelms en die ander een gaan kollege toe? Waarom word party mishandelde kinders groot om self mishandelaars te word, terwyl ander goeie ouers word?

Die Mrazeks het 'n uitgebreide navorsing onderneem om die antwoorde op hierdie vrae te kry. In hulle studie was daar een oorheersende tendens wat elke keer tevoorskyn gekom het by daardie kinders wat 'n trauma oorleef het en voortgegaan het om gesonde lewens te voer. Die geheim? "n Basiese lewensbeskouing van optimisme en hoop."

Hoop maak die verskil. Hoop, meer as enigiets, help ons om die stryd te stry teen die onvermydelike.

Die mens het hoop desperaat nodig. Maar hoe kry ons dit? Dit is baie moeilik om hoop in hierdie wêreld te vind – TOTDAT ons daarna kyk uit 'n perspektief van Bybelse profesie. Hierdie ONTDEK gids gaan 'n merkwaardige profesie ondersoek wat talle persone met 'n lewende hoop geïnspireer het.

1. 'N VERBASENDE BYBELSE PROFESIE

Ongeveer vyfhonderd jaar voor die geboorte van Christus, het God aan die wêreld 'n skrikwekkende blik in die toekoms deur die profeet Daniël gegee. God het 'n beskrywing van die wêreld se geskiedenis 2,500 jaar vooruit gegee, van Daniël se tyd tot vandag, in ons eie tyd.

Hierdie profesie het ontstaan in 'n droom wat God 2,500 jaar gelede aan Nebukadnesar, die koning van Babilon, gegee het. Die droom het die koning diep ontstel – maar hy kon nie die droom onthou toe hy wakker word nie! Nadat nie een van die wyse manne van Babilon daarin kon slaag om die koning te help om die droom te onthou, of om dit te verklaar nie, het 'n jong Hebreër met die naam Daniël op die toneel verskyn, en daarop aanspraak gemaak dat die God van die Hemel al geheimenisse kan verklaar.

Terwyl hy voor die koning staan, het Daniël pront verklaar;

“U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik.

“Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.

“U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.

“Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar DIE KLIP WAT DIE BEELD GETREF HET, het 'n groot rots geword

wat DIE HELE AARDE GEVUL HET” - Daniël 2:31-35. (*Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.*)

Op die oog af lyk dit nie of hierdie beeld veel te doen kan hê om aan ons in vandag se wêreld veel hoop te bied nie, maar wag net ‘n oomblik!

2. DIE PROFESIE WORD VERKLAAR

Nadat Daniël ‘n hoogs beïndrukte Nebukadnesar presies vertel het wat hy in sy droom gesien het, het die profeet Daniël verduidelik:

“Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê:” - Daniël 2:36.

DIE KOP VAN GOUD: Watter wêreldmag het Daniël vir die koning gesê word deur die kop van goud gesimboliseer?

“U, o koning, koning van die konings aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, . . . – u is die hoof van goud.” – Verse 37, 38.

Daniël het aan die heerser van daardie wêreld se grootste ryk gesê: “Nebukadnesar, God is besig om vir jou te sê dat jou koninkryk, Babilon, voorgestel word deur die beeld se goue kop.”

DIE BORS EN ARMS VAN SILWER: Vanuit ‘n menslike oogpunt het dit gelyk of Babilon ‘n koninkryk was wat vir altyd sou voortbestaan. Maar wat het die profesie gesê sou volgende gebeur?

“En na u sal daar ‘n ander koninkryk opstaan, geringer as die van u;” – vers 39.

Ter vervulling van God se voorspelling, het Nebukadnesar se koninkryk in duie gestort toe Sirus, die Persiese generaal, die Babiloniese ryk omver gewerp het in 539 v.C. Die bors en arms van silwer verteenwoordig dus Medo-Persië, nog ‘n magtige koninkryk.

DIE MAAG EN HEUPE VAN KOPER: Wat stel hierdie deel van die groot metaal beeld voor?

“Daarna, ‘n ander, ‘n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers;” – vers 39.

Die maag en heupe van koper van die beeld stel die koninkryk van die Grieke voor. Alexander die Grote het die Meders en Perse verower en Griekeland die wêreld se derde grootste ryk gemaak. Hulle het regeer vanaf 331 tot 168 v.C.

DIE BENE VAN YSTER:

“En die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis.” – vers 40.

Na die dood van Alexander, het sy koninkryk verswak en in strydende faksies verdeel tot uiteindelik in 168 v.C., met die slag van Pidna, het die *Ysterryk* van Rome Griekeland verslaan.

Keiser Augustus het die Romeinse Ryk regeer tot Jesus gebore is ongeveer tweeduisend jaar gelede (Lukas 2:1). Christus en Sy apostels het geleef gedurende die periode wat voorgestel word deur die bene van yster. Gibbon, die agtiende-eeuse geskiedskrywer, het sonder twyfel Daniël se profesie in gedagte gehad toe hy geskryf het: “Die beelde van goud, silwer, of koper wat gebruik kon word om die nasies en hulle konings voor te stel, is die een na die ander verbreek deur die yster heerskappy van Rome.” – Edward Gibbon, *The History of the Decline and Fall of the Roman Empire*, (John D. Morris and Company), deel 4, bl. 89.

Dink vir ‘n oomblik na oor hierdie voorspelling vanaf ‘n menslike oogpunt. Hoe kon Daniël, wat in die tyd van Babilon geleef het, enige idee gehad het van hoeveel koninkryke mekaar sou opvolg honderde jare in die toekoms? Dit is moeilik vir ons om te bepaal wat die aandeemark

volgende week gaan doen! En tog het Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome mekaar opgevolg presies soos voorspel is – net soos gehoorsame skoolseuns in ‘n ry.

Is God in beheer van die toekoms? Kan ons hoop koester op grond van Sy wonderlike plan? Die antwoord is ‘n luide JA!

DIE VOETE EN TONE VAN YSTER GEMENG MET KLEI: Sou ‘n vyfde wêreldmag Rome opvolg?

“En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottbakkersklei en deels van yster wats – dit sal ‘n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.

“En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is – ‘n gedeelte van die koninkryk sal hard en ‘n gedeelte sal bros wees.” – Daniël 2:41, 42.

Die profeet het voorspel, nie ‘n vyfde wêreldmag nie, maar ‘n verdeling van die yster monargie van Rome. Rome sou verdeel in tien koninkryke, soos voorgestel word deur die voete en tone van die beeld.

Het dit werklik gebeur? Dit het wel. Gedurende die vierde en vyfde eeue van die Christelike era het barbaarse invallers van die noorde op die verswakke Romeinse Ryk toegesak en hulle slag na slag toegedien. Uiteindelik het tien van die stamme die meeste van die gebied van Wes-Rome verower, en tien distrikte, onafhanklike nasies, het hulleself gevestig binne die grense van Europa. Die tone verteenwoordig dus die moderne nasies van Europa van vandag.

Tien Tone – Tien Hoof Stamme In die Westerse Romeinse Ryk

Angel-Sakse	- (Engeland)
Franke	- (Frankryk)
Alamanni	- (Duitsland)
Lombardye	- (Italië)
Oos-Gote	- (later vernietig)
Wes-Gote	- (Spanje)
Boergondië	- (Switserland)
Wandale	- (Noord-Afrika, later vernietig)
Swebië	- (Portugal)
Heruler	- (Het verdwyn na ‘n paar eeue)

3. ONS TYD IN BYBELSE PROFESIE

Is daar ‘n voorspelling in Daniël se profesie dat daar pogings gaan wees om hierdie nasies van Europa onder een heerser te probeer verenig?

“Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het – hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.” – Daniël 2:43.

Magtige manne het keer op keer probeer om Europa te verenig, maar hulle het nooit in hulle doel geslaag nie. Napoleon het nader as enige ander persoon aan hierdie doelwit gekom om ‘n verdeelde Europa te verenig, maar hy het waarskynlik aan hierdie profesie gedink toe hy in die slag van Waterloo verslaan is en terwyl hy wegvlug, uitgeroep het: “Die Almagtige God is te veel vir my!”

Keiser Wilhelm II en Adolf Hitler het die magtigste weermagte van hulle tyd tot stand gebring. Maar nie een van hulle kon daarin slaag om Europa onder hulle regering te verenig nie. Waarom? Want God se Woord was op die spel: “Die mense sal ‘n mengsel wees en sal nie verenig bly nie.” Die uiteinde van twee wêreldoorloë het bevestig dat God die toekoms in Sy hande hou; Hy is uiteindelik in beheer. Dit is sekerlik genoeg om hoop aan ons te gee, vrede in die gemoed, en vol vertroue in Sy plan vir ons lewens.

4. ‘N BLIK OP DIE TOEKOMS

Slegs een deel van Daniël se profesie bly nog onvervuld. Wat is die betekenis van die rots wat die beeld teen die voete sal tref, dit tot ‘n poeier sal maal en ‘n groot berg word wat die hele aarde vul?

“Maar in die dae van die konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak, maar SELF SAL DIT VIR EWIG BESTAAN.” – Daniël 2:44.

“Die konings” kan slegs verwys na die konings wat verteenwoordig word deur die voete en tone van die beeld – die heersers van moderne Europa, wat verwys na ons tyd. Die rots wat sonder mensehande uitgeknap word gaan die beeld tref en dit in stukke verbreek, en dan sal dit die hele aarde vul (verse 34, 35, 45). Binnekort sal Jesus van die hemel af neerdaal om “‘n koninkryk op te rig”, Sy koninkryk van geluk en vrede. Dan sal Christus, die Rots van alle Eeue en die Koning van alle konings, die wêreld vir ewig regeer!

Alles in Daniël 2 se voorspelling het reeds in vervulling gekom, behalwe die finale handeling – wanneer die beeld deur die rots getref word. Volgens God se tydtafel, is ons nou besig om ‘n wonderlike hoogtepunt te nader, Christus se terugkeer na die aarde toe. Jesus Christus, die Seun van God, staan gereed om die lang, bloedige stryd van die menslike geskiedenis tot ‘n einde te bring en Sy ewige koninkryk van liefde en genade op te rig.

5. JY EN DIE KONING SE DROOM

Hierdie profesie openbaar die leidende hand van God in die oprig en val van nasies. God ken die verlede en hierdie Bybelse profesie wys duidelik dat Hy die toekoms ook ken.

As God die bewegings van volke so absoluut presies kan beheer, kan Hy sekerlik ook individue se lewens beheer. Jesus het ons verseker: “En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie” (Mattheus 10:30, 31). God se geskenk van geloof kan die teenmiddel word vir al ons bekommernisse en vrese. Die hoop wat Hy inspireer, kan dien as ‘n anker vir ons siele (Hebreërs 6:19).

Die sestiende-eeuse geleerde Erasmus, vertel van ‘n insident wat plaasgevind het tydens ‘n seevaart en wat hom bygebly het vir die res van sy lewe. Die skip waarin hy gevaar het, het tydens ‘n storm gestrand. Terwyl hewige branders teen die skip geslaan het en die skip begin opbreek het, het selfs die matrose paniekbevange begin raak. Die passasiers was byna histories. Die meeste het tot hulle geliefde heilige geroep om hulp; hulle het liederes gesing of luidkeels gebid.

Erasmus het een passasier opgemerk wat egter baie anders as die ander opgetree het. “Van al die passasiers,” het Erasmus geskryf, “was die een wat die kalmste gebly het, ‘n jong vrou wat ‘n baba vasgehou het, wat sy gevoed het. Sy was die enigste een wat nie geskree, gehuil of met die Hemel gepleit het nie. Sy het niks gedoen nie, behalwe om stil te sit en sag te bid terwyl sy die baba op haar skoot vasklou.”

Hierdie gebed, het Erasmus besef, was bloot 'n voortsetting van haar gereelde gebedslewe. Sy het blykbaar haarself aan God toevertrou.

Terwyl die skip begin sink het, is hierdie jong moeder op 'n plank neergesit met 'n stuk hout as roeispaan en sy is die golwe ingestuur. Sy moes die baba met haar een hand vashou en met die ander hand probeer roei. Baie min het gedink dat sy die dreunende golwe sou oorwin.

Maar haar geloof en kalmte het haar goed te staan gekom. Die vrou en haar kind was die eerstes wat die strand bereik het.

Hoop op 'n vertrouenswaardige God kan die verskil beteken – selfs al lyk dit of die wêreld rondom ons vergaan. Ons roei nie op ons eie nie. 'n Groter hand lei ons en hou ons vas.

As jy in volle oorgawe na God toe sal kom, sal Hy jou 'n geloof gee wat jou deur elke storm sal help. Ontdek die bonatuurlike vrede wat Jesus belowe:

“Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; ...Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.” – Johannes 14:27.

Het jy daardie vrede? As jy dit het, dank Jesus, jou Heiland. As jy dit nie het nie, waarom nooi jy Hom nie vandag in jou lewe in nie?